

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

## Redaksioneel

# Die dienaar se dienaar

Ministers is mense wat 'n uitnemende amp bedien. Oral in die samelewing is daar ministers aan die werk. Die bekendste is seker die ministers wat die land regeer, die kabinet. Maar ook die predikant is minister: *Verbei Dei Minister* – bedienaar van die Woord van God. En die onderwyser is minister – bedienaar van verskeie skoolvakke aan kinders. Net so is die fabriekswerker 'n minister; en die treindrywer, die boer en die motorwerktuigkundige. Elke christen is kragtens sy en haar roeping as gelowige, minister: dienaar. Denaar van God. Denaar wat tot opbou van ander tot diensbaarheid geroep word.

'n Minister kan nie alleen, sonder die bediening van ander ministers, optree nie. Die ministers vorm 'n groep. So is die kabinet 'n gemeenskap van ministers. En die kerk, waar gelowiges deur God in die liggaam van Christus aan mekaar verbind is, is 'n gemeenskap van ministers.

Daar is ook van 'n ander soort hulp vir die minister sprake. Ministrasie (bediening) gaan noodwendig gepaard met *ad*-ministrasie (dit wat tot uitvoering van die bediening moet bydra). Dit beteken dat 'n administrateur 'n hulp vir die

minister is, 'n dienaar van die dienaar.

Heelparty mense het 'n afkeer van administrasie. Dit word beskou as 'n noodsaaklike pligpleging wat nimmereindigend is en liefs deur ander hanteer moet word. Aan die ander kant is daar talle mense wat gebore administrateurs is. Ordening en liassing, skep van nuwe stelsels om die administrasie te verbeter, sit in hulle bloed.

Ongeag die individu se liefde – al dan nie – vir administrasie, is dit belangrik om te onthou dat dit alles met ons ministrasie te doen het. Administrasie moet bydra tot en meehelp aan sinvolle en doelgerigte dienswerk in God se koninkryk.

Met die oog daarop is daar enkele sake wat elke christen in sy bedieningswerk duidelik vir homself moet uitmaak. Veral as afhandeling van administrasie vir 'n mens 'n las is, is dit noodsaaklik om deeglik te besin oor die rede en doel daarvan. Vir diegene wat administratiewe take met liefde aanpak, is dit ook goed om weer 'n slag te besin oor die roeping wat hieraan ten grondslag lê.

In die eerste plek moet gestel word dat administrasie nooit 'n grootheid op sigself is of kan

wees nie. In die VSA word daar van die 'Clinton-administrasie' of die 'Bush-administrasie' gepraat. Sodoende word na die regering van 'n spesifieke tyd verwys. In gelyke mate word daar na administrateurs in akademiese en sportkringe verwys asof hulle base is, en nie hulpdiensers nie. Die Handboek van die Afrikaanse Taal (HAT) beskryf 'n administrateur as 'n bestuurder van 'n openbare onderneming. In die vorige politieke bedeling was daar administrateurs vir elke provinsie – persone met uitvoerende magte en groot seggenskap en invloed.

In die tweede plek moet besin word oor die noodsaaklikheid van goeie administrasie. Indien daar geen ondersteunende kragte is wat die ministers in hulle dienswerk bystaan nie, kom daar dikwels niks van ministrasie tereg nie. Sonder deeglike en op datum administrasie word die dienswerk van ministers – ministers in alle sektore van die samelewing – ernstig gekortwiek. Die onlangse staking van verskeie staatsdiens-organisasies is 'n klinkklare bewys daarvan. Trouens, heelwat landsburgers word in hulle daaglikse werk en lewe ernstig gestrem deur swak of geen administratiewe diens in die openbare sektor.

## INHOUD

- |   |   |   |
|---|---|---|
| 1 Redaksioneel<br><b>Die dienaar se dienaar</b>   | 4 Fokus<br><b>Christus herstel die vrou se hulpskap</b><br><i>Ds RA Bain</i>                | 8 Koninkryk<br><b>Die twee getuies</b><br><i>Dr JG Meijer</i>   |
| 2 Skrifoorndenking<br><b>Die Gees hou die bruidskerk gefokus op die Bruidegom!</b><br><i>Ds HPM van Rhyen</i> | 6 Kerkerf<br><b>Gesag van die besluit van 'n kerkvergadering</b><br><i>Prof B Spoelstra</i> | 10 Persskou<br><b>Oor kerk-wees en sinodes</b><br><b>Verdraagsame ongehoorsaamheid</b><br><i>Dr GJ Meijer</i> |

Derdens moet die verhouding tussen administrasie en ministrasie voortdurend voor oë gehou word. Administrasie mag nooit in 'n burokratiese rompslomp of 'n papieroorlog verval nie. Administrasie moet gefokus wees op verbetering in diensbaarheid. Dit verg dat diegene wat met administrasie gemoeid is, kort-kort 'n bestekopname sal maak. Die vraag bly akuut: is ons besig met opbouende dienswerk? Is ons daadwerklik dienaars van die

dienaars? Is ons almal saam aan God diensbaar?

'n Vierde en laaste opmerking in hierdie verband: God is 'n God van orde. Die orde wat Hy Self handhaaf, en ook van sy kinders verwag, moet by uitstek uit die hantering van ons administrasie blyk. Goeie orde eis dat administratiewe werk nie bloot as 'n sielododende pligpleging beskou word nie, nie tot die laaste uitgestel word nie, en beslis nie as nutteloos beskou en daarom verwaarloos word nie.

Soos wat ons gemeenskap van ministers is, so is ons in gelyke mate 'n gemeenskap van administrateurs. Administrasie by die huis, by die kerk, by die skool, by die werk, by die klub en in die openbare lewe is 'n Goddelike roeping. Niemand kan sy skouers (of sy neus) hiervoor optrek asof hy nie daarvoor in die wieg gelê is nie. As God tot orde in sy diens roep, soek Hy sy kinders paraat op hulle pos: in ál hulle dienswerk.

GJM

## Skrifoordenking

Ds HPM van Rhy, Thabazimbi

# Die Gees hou die bruidskerk gefokus op die Bruidegom!

## Lees: Openbaring 22

*En die Gees en die bruid sê: Kom!*

*En laat hom wat hoor, sê: Kom!*

*En laat hom wat dors het kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.*

## As 'n bruid op sien teen haar troue

'n Bruid wat nie wil trou nie, is seker die ongelukkigste en ongemotiveerdste mens wat daar is. 'n Bruid wat nie wil trou nie, sleep haar voete en sy bedink planne om uit die huwelik uit te kom. Haar voorbereidings is halfhartig en sy stel alles tot op die laaste nippertjie uit.

Die kerk is ook 'n bruid wat op troue staan. Die Bybel gebruik die beeld waarin Jesus die Bruidegom is en die kerk, ons, die gelowiges, die bruid. Hiermee gee die Bybel vir ons perspektief op die geskiedenis en die gebeure van hierdie wêreld: alles sal uitloop op die wederkoms van Christus. Dan sal die huwelik tussen Christus en sy bruid, die kerk, voltrek word. God se koningskap sal dan onbetwis wees. Ons is dus 'n kerk met 'n toekoms. Daar wag 'n heerlike vooruitsig op ons!

In 1 Korintiërs 2:9 word daar van hierdie heerlike vooruitsig gesê:

'Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat hom liefhet!'

Nou is die kerk as 't ware nog net verloof aan Christus, maar die huwelik kom! In hierdie verlosingstyd is daar nog swaarkry en beproewings en pogings tot verleiding. Maar die groot dag van die huwelik sal beslis aanbreek. Die heerlike dag van die wederkoms sal kom en dan sal ons die ewige lewe met al sy heerlikheid beërwe.

Omdat die mees intieme beeld denkbaar, die van die huwelik, gebruik word om die verhouding tussen God en sy kerk voor te stel, sê dit ook vir ons dat getrouheid 'n baie belangrike rol speel. God was in die Ou Testament getrou. Hoewel die volk dikwels ontrou was, het Hy getrou gebly. Hy het sy volk uit die slawehuis in Egipte gelei, hulle vir 40 jaar in die woestyn versorg en bewaar, die beloofde land wat oorloop van melk en heuning aan hulle gegee, hulle verlos van vyandige volke. God het deurentyd sy verbond om vir hulle 'n God te wees, gehou.

So is Christus ook in die Nuwe Testament getrou aan die kerk. Hy het sy kerk verlos met sy bloed, sy

lewe as bruidskat. Hy was tot in die dood getrou. Hy het vir ons versoening by God bewerk. Hy tree nou nog vir ons in – Hy pleit vir ons by die Vader. Hy lei ons deur sy Heilige Gees. Hy sorg fisies en geestelik vir ons. Hy beloof aan ons die ewige lewe in die nuwe Jerusalem. Hy herinner ons daaraan dat ons as gelowiges, as kerk, nou al aan Hom verloof is en dat Hy beslis weer sal kom as Bruidegom sodat die ewige en heerlike huweliksluiting kan plaasvind.

Oor sy getrouheid aan die kerk is daar geen twyfel nie. Die feit dat Hy vir ons gesterf het, is tog 'n klinkklare bewys van sy getrouheid. Die feit dat hierdie verhouding tussen ons en Christus deur 'n huwelik voorgestel word, beklemtoon dat ons ook getrou moet wees en getrou moet bly.

## Die bruidskerk wag op die koms van die Bruidegom

Die kerk kan baie maklik 'n bruid wees wat nie meer wil trou nie. Dit gebeur wanneer dit vir die kerk te lekker raak in die wêreld. Dan wil die kerk haar Bruidegom verruil vir iets of iemand anders, of sy begin leef asof die bruilof nog ver is en dalk nooit eers sal aanbreek nie.

Daarom het Pinkster, die uitstorting van die Heilige Gees, aangebreek. Op die tweede Sondag na hemelvaart, tien dae na die hemelvaart van Jesus Christus het Hy sy Gees oor die kerk uitgestort. As dit nie vir die Heilige Gees was nie, dan sou die kerk vandag soos 'n onwillige bruid gewees het wat op sien teen haar troue of wat vergeet het dat sy op troue staan. Ons teks sê egter die Gees en die bruid roep die Bruidegom, Jesus Christus toe: Kom! Die Gees en die bruid.

Voordat ons op die werking van die Gees in ons, die bruid, ingaan net eers dit: die uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster) maak baie mense vandag verleë.

Aan die een kant is daar die Pinkster- en charismatiese groepe wat wil hê dat daar iets buitengewoons en dramaties moet gebeur waar die Heilige Gees werk. Hulle bid vir sogenaamde herlewings wat allerhande buitengewone dinge sal laat gebeur, veral tydens Pinkstertyd. Hulle bid selfs dat die Heilige Gees opnuut uitgestort word. As daar nie iets gebeur nie, is hulle teleurgesteld of hulle sorg self dat iets sogenaamd gebeur. Ons het nie nog 'n uitstorting van die Gees nodig nie. Nee, ons het eerder mense nodig wat hulle deur die Gees laat lei, want die Gees is klaar en oorvloedig oor die kerk uitgestort.

Aan die ander kant is daar weer die mense wat die uitstorting van die Heilige Gees net heeltemal ignoreer. Hulle het toegelaat dat die geesdrywers hierdie valse beeld, van die Heilige Gees wat net buitengewone dinge doen, laat posvat en hulle wil niks met so 'n sirkus te doen hê nie. Daarom ignoreer hulle liever gesprekke en geleenthede waar die Heilige Gees ter sprake kom.

Dit is belangrik dat ons sal vra: maar wat doen die Heilige Gees in die kerk? Wat sê die Bybel? As ons weet wat die Bybel sê, dan sal ons mos nie verleë staan oor die werking van die Gees nie.

Ons teks sê: 'Die Gees en die bruid sê: Kom!' Die Gees en die bruid het die verlangete dat die Bruidegom,

Jesus Christus, sal kom. Dit is juis die Heilige Gees wat hierdie verlangete in die bruid wakker hou. Sonder die werking van die Gees in ons, die bruidskerk, sal ons eerder wil vlug vir die Bruidegom en sal ons die bruilof so lank as moontlik wil uitstel. Maar die Gees en die bruid sê: Kom! Die Gees en die bruid bid saam vir die spoedige koms van die Here.

Die Heilige Gees hou die kerk dus gefokus op haar Bruidegom en sy wederkoms. Dit gaan nou nie meer vir ons oor ons eie behoeftes en wat vir ons lekker is nie. Nee, omdat die Gees in ons werk, soek ons in alles net Jesus Christus se eer en soek ons sy belangete en bevorder ons sy koninkryk.

Die Heilige Gees hou die kerk dus gefokus op sy ewige eindbestemming by God self. Paulus bid in Romeine 15:13 vir die Romeine: 'En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!'

Die Heilige Gees maak die kerk al hoe liever vir Jesus Christus en laat daarom die vaste hoop op sy wederkoms sterker en sterker word.

So maak die Heilige Gees die kerk steeds meer getrou aan haar Bruidegom. Gehoorsaamheid aan die Woord van God is seker die een uitstaande kenmerk van 'n Geesvervulde lewe. Dit is al wat ons vandag werklik nodig het: mense wat hulle deur die Gees laat lei om gehoorsaam te wees aan God se Woord. Daarvoor is daar nie 'n nuwe uitstorting van die Gees nodig nie, maar eerder bekering in mense se harte onder leiding van die Gees.

Die Heilige Gees doen dus vandag nog opspraakwekkende dinge, maar nie in die wêreldse sin van die woord nie. Wat is opspraakwekkender as iemand wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat en dan begin om God bo alles lief te hê en sy naaste soos hyself? Ja, die Gees maak ons gelowig, getrou en gehoorsaam. Daardeer vul Hy ons lewe met vreugde en vrede.

Die vrug van die Gees is nie allerhande uitspattige dinge nie, maar om dinge soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing te vertoon in alles wat ons doen.

Ons teks stel ons voor die vraag: Sien ons nog uit na die wederkoms? Verlangete ons na ons Bruidegom? Is ons hele lewe daarop gefokus om eendag by die bruilofsmaal van die Lam aan te sit? Of het ons toegelaat dat ons hoop op ons finale verlossing verflou? Het ons toegelaat dat dit vir ons te lekker word in hierdie wêreld en daarom probeer ons die huwelik ontduik?

## **Die bruidskerk berei haar voor vir die koms van die Bruidegom**

Ons gehoorsaamheid aan ons Bruidegom se opdragte sal die teken wees of ons Hom nog bo alles lief het of nie.

Nog 'n teken is of ons van Hom getuig of nie. Jesus sê vir sy dissipels: 'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde' (Handelinge 1:8).

In Handeling 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees. Die eerste ding wat die dissipels doen is juis dit: hulle verkondig die evangelie met krag. Die bang verwese groepie dissipels word net na Jesus se hemelvaart kragtige verkondigers van sy evangelie. Al was hulle maar eenvoudige en ongeleerde mense, word hulle onder leiding van die Heilige Gees doeltreffende evangelieverkondigers.

Dit sal die teken wees of ons ons Bruidegom nog liefhet: dat ons sy getuies is. So moet die kerk gereedmaak vir die bruilof. Daarom, wees toegewyd aan die Here, wees lief vir Hom, dien Hom, volg Hom, gehoorsaam Hom, wag op Hom en doen veral moeite om Hom te leer ken soos wat Hy Hom aan ons in sy Woord geopenbaar het. Verkondig Hom as die enigste Verlosser en getuig van sy liefde en

genade met die manier waarop u lewe. Bestry ook alle dwaalleer en moet nie self daardeur mislei word nie. So sal ons onself rein bewaar vir die huwelik.

Enige huwelik verg voorbereidings. Ons berei ons voor deur

gehoorsame, dankbare, Skrifgetroue en diensbare getuies te wees wat elke dag bid: Kom, Here Jesus, kom gou! Ons wil dit onder leiding van God se Gees doen, want ons weet dan sal ons ook eendag sing: 'Laat ons bly wees en ons verheug

en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. ... Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam' (Openbaring 19:7, 9).

**Fokus**

**Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes**

# Christus herstel die vrou se hulpskap

## 'n Hermeneutiek van vrees?

Dit is opmerklik dat die debat oor die plek van die vrou in die Bybel heel dikwels beheers word deur 'n hermeneutiek van vrees. Aan die een kant bestaan die vrees dat die vrou die man se plek in gevaar gaan bring en dat die lewenswyse waarby sommiges hulle veilig voel in gedrang kan kom. Aan die ander kant bestaan die vrees dat daar teen die vrou gediskrimineer word en dat hierdie onderdrukking net mooi verpak word in slim teologiese argumente. Voorstanders van beide uitgangspunte se argumentasie verval sodoende dikwels in reaksionêre teologie wat deur vrees gedryf word.

Beide vrese is ewe gevaarlik in die kerk aangesien dit nie onvoorwaardelik na die Woord wil luister nie. In die ondersoek oor die aard en plek van die vrou moet gelowiges radikaal Bybels dink en alle vorme van vrees afgooi. Daarom wil ons graag vrou-wees van naderby bekijk in die lig van haar beeld-wees<sup>1</sup>.

## Die vrou is ook beeld van God

In die vorige artikel oor die mens as beeld van God is die klem sterk daarop gelê dat die mens as beeld van God nie bloot eienskap is nie, maar dat ons beeld-wees veral in ons gemeenskap met God bestaan. Juis binne hierdie gemeenskap met God openbaar Hy Homself deur sy Gees in die mens. Soos in die vorige artikel gesê: om beeld van God te wees is nie bloot

kwaliteite of eienskappe of gawes nie, maar dit is amp<sup>2</sup>. Hierdie amp as openbaarmaking van God sou sekerlik betekenis hê vir vroe soos: Waarom skep God die vrou? Wat is die verband tussen die vrou se hulp-wees en haar beeld-wees? Is die vrou se beeld-wees uniek? Wat is die betekenis van Christus se werk vir die vrou?

Om bogenoemde vrae te beantwoord moet daar by die skeppingsgebeure begin word. Uit Genesis 1:26 blyk dit duidelik dat die mense na God se beeld geskape is<sup>3</sup>. Genesis 1:27 sê dat God die mens na sy beeld geskape het. Dit dui op Adam as die verbondshoof. Direk daarna staan daar: man en vrou het Hy hulle geskape. Die woorde wat in die Hebreeus gebruik word dui geslag aan en kan eerder vertaal word: manlik en vroulik<sup>4</sup>. Dit blyk onteenseglik dat die vrou ook na God se beeld geskape is. Trouens, die mens as beeld van God is manlik en vroulik geskape.

Die vrou is dus nie beeld van die man nie, sy is beeld van God. God se openbaarmaking van Homself deur die vrou vind nie op 'n indirekte wyse plaas deur middel van haar gemeenskap met haar man nie, maar deur haar direkte gemeenskap met God self. 'Want 'n man moet die hoof nie bedek nie, omdat hy die beeld en heerlikheid van God is; maar die vrou is die heerlikheid van die man' (1 Korintiërs 11:7). Dit is nie sonder rede nie dat die apostel verswyg dat die vrou beeld van die man is. Dat sy die heerlikheid van die man is dui op die verhouding tussen man en

vrou. Sy kan egter nie tegelykertyd beeld van die man en van God wees nie. Die konsekwensie sou wees dat die vrou 'n beeld van 'n beeld is, terwyl die vrou juis self ook beeld van God is.

## Die vrou is die voltooiing van die mens se beeld-wees

Vanaf Genesis 2:4b word daar op die skepping van man en vrou gefokus. In hierdie gedeelte word die rede gevind vir die skepping van die vrou. Dit is van groot belang om raak te sien dat die skepping en benoeming van die vrou heeltemal uniek is. Genesis 1 sê dat die voltooide skepping goed was, maar Genesis 2 sê dat daar iets was wat nie goed was nie. Op die sesde dag was daar nog iets onvoltooid. 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie'<sup>5</sup>.

Van Selms maak 'n belangrike opmerking as hy sê: 'Het gaat hier niet om het belang van de mens, maar om de deugdelijkheid van Gods schepping'<sup>6</sup>. In die rede vir die skepping van die vrou en die eensaamheid van die mens handel dit juis oor die deugdelijkheid van die skepping. By die skepping van

1. In die artikel verwys beeld-wees na beeld-van-God-wees.
2. K. Schilder. Heidelbergse Catechismus. 1984. p. 294.
3. Die uitgangspunt wat gehandhaaf word is dat die mitologiese beskouing van Genesis 1-11 op 'n hermeneutiek van suspisie rus. Verder word Genesis 1 en 2 ook nie as twee verskillende verhale van die skepping beskou nie, aangesien Genesis 2 juis op die skepping van die mens op die sesde dag fokus.
4. G. Ch. Aalders. Korte verklaring der Heilige Schrift. Genesis. 1972. p. 97.
5. Genesis 2:18.
6. A. van Selms. De Prediking van het Oude Testament. Genesis deel 1. 1984. p. 57.

die vrou gaan dit ook daarvoor dat die man se alleenheid 'n aanduiding is van 'n skepping wat nog nie voltooi is nie.

Daarom sou 'n mens met reg kon sê dat die skepping eers met die skepping van die vrou voltooi is en dat die mens se beeld-wees toe tot volheid gekom het. Dit beteken nie dat die man sonder die vrou nie beeld van God was nie, maar man en vrou is tesame die volheid van God se beeld soos Genesis 1:27 dit ook sê. Dat God sy skepping deur die skepping van die vrou voltooi, moet vir gelowiges 'n aanduiding wees van die vrou se verhewe posisie en haar heerlijkheid. Die skepping van die vrou is 'n wonderbaarlike verborgenheid wat die Skrif in Genesis 2 en verder juis openbaar.

## Die vrou is gelykwaardig beeld van God

Dit is belangrik om daaraan vas te hou dat die beskrywing van Genesis 2:18 heenwys na die voltooiing en goedheid van God se skepping en dat dit voor die sondeval is. Genesis 2:18 noem die vrou 'n hulp wat by hom pas, of in die Hebreeus: *ēzèr kenègdō*. Ons behandel eers die woord *kenègdō* wat vertaal kan word met: soos wat teenoor hom is of soos wat voor hom is. Wanneer die mens die diere benoem is daar geen hulp wat teenoor hom kan wees nie. Die mens kort 'n gelykwaardige helper vir gelykwaardige hulp. Hierdie *kenègdō* beteken dat die vrou met die man korrespondeer<sup>7</sup>. Sy is wederhelf<sup>8</sup>. Sy pas by hom. Vandaar dat die NAV die gelykwaardigheid beklemtoon deur te vertaal: sy gelyke. Die bedoeling van *kenègdō* is dat hierdie hulp op dieselfde vlak staan as die mens. Die vrou staan nie onder die man nie, sy staan voor hom.

Hierdie gedagte word verder versterk wanneer God die *ēzèr kenègdō* skep. Die vrou word nie uit die stof van die aarde gemaak soos al die ander lewende wesens nie. Sy word uit die man geneem<sup>9</sup> sodat sy *kenègdō* kan wees. Sy is been van sy been en vlees van sy vlees. Die eenheid en gelykwaardigheid tussen man en vrou kan op geen sterker

manier beklemtoon word nie. Sy is dus beslis nie minderwaardig beeld van God nie, want sy is uit die man geneem en sy staan by hom, langs hom.

## Man en vrou is nie dieselfde nie

Die *kenègdō* lê die klemtoon egter ook daarop dat die hulp wat teenoor hom is tog anders is. Sy was nie een van die diere nie. Sy was sy gelyke. Sy is uit die man geneem, maar sy was nie man nie – sy was mannin. Sy staan voor hom, sy is wederhelf – in Engels *counterpart*. 'n Mens sou ook kon sê: 'n pasmaat, soos twee stukies van 'n legkaart wat perfek by mekaar inpas, wat gelykwaardig is en tog verskil.

Wat is die verskil tussen man en vrou terwyl hulle beide beeld van God is? Is dit 'n bloot geslagtelike verskil? Gaan die verskil net oor voortplanting of oor 'n funksie wat die vrou binne die huwelik moet beklee? Anders gevra: Is vrou-wees eintlik man-wees met 'n ander liggaam en 'n ander opdrag? Nog anders gevra: Lê die dieptepunt van die verskil tussen man en vrou in geslag en funksie of dalk in iets meer?

Die uniekheid van die vrou en haar andersheid moet onder andere gesoek word in haar benaming – hulp (*ēzèr*). Dit is nie die vrou se geslag wat bepaal dat sy hulp is nie; dit is eerder haar hulp-wees wat haar geslag bepaal. Die bron van die onderskeid tussen man en vrou is nog meer as geslagtelikheid. Die uniekheid van die vrou bestaan in haar skeppingsdoel – dat sy hulp is wat by die man pas. Geslagtelikheid is eerder die gevolg van die verskil in die hoë roeping tussen man en vrou. By die vrou word die wese van hierdie verskil beskryf deur haar hulp-wees.

## Die betekenis van hulp in die Skrif

Die woord *ēzèr* kan net reg verstaan word indien 'n mens radikaal Bybels dink en alle idees van minderwaardigheid uit die weg ruim. Die eerste struikelblok waarby 'n mens te staan kom is dat die vrou voor die sondeval hulp genoem

word en dat alle ander aanduidings in die Skrif van hulp ná die sondeval voorkom. Die vrou se hulp-wees was dus deel van 'n sondelose en baie goeie toestand. Dit in sigself sê al klaar iets van hulp-wees – dit was deel van die volkomenheid. Dit moet egter ook nie uit die oog verloor word nie dat die vrou se skepping tot hulp-wees van krag bly selfs al het die sondeval ingetree. Hierdie skeppingsdoel van die vrou kan dus net verstaan word in die lig van die Skrif.

Hierdie woord met sy verskillende vorme is 'n algemene woord in die Bybel en kan vertaal word met hulp, helper en help. Soms dui dit op uitredding<sup>10</sup>, ander kere dui dit op ondersteuning van 'n swakkere<sup>11</sup> of ondersteuning van 'n gelyke<sup>12</sup> of selfs waar minderes 'n meerdere help<sup>13</sup>.

Die aktiwiteit van help het egter nooit in die Bybel die betekenis van minderwaardigheid nie. Trouens, in die meeste gevalle is dit die hulp van 'n gelyke of 'n meerdere teenoor 'n mindere. Hierdie hulp dui op ondersteuning waarsonder die ander party nie kan klaarkom nie. Die Bybel se openbaring van hulp is dus nie soos 'n kruk waarop jy leun nie, maar eerder soos 'n pilaar waarsonder jy nie kan voortgaan nie. Hieruit blyk dit duidelik dat die vrou se hulp-wees beslis nooit op minderwaardigheid dui nie, maar op noodsaaklike ondersteuning soos wat pilare 'n brug ondersteun.

## God is die mens se groot Helper

Wat verder opval is die feit dat *ēzèr* en sy verwante vorme op 'n groot aantal plekke op God betrekking het. Dit loop soos 'n goue draad deur die Skrif dat God sy kinders se Helper is<sup>14</sup>. Die woord *ēzèr* is dus ook 'n openbaring van God se eie werksaamheid waarin Hy die mens red en ondersteun. Wanneer God

7. Brown, Driver & Briggs. A Hebrew and English Lexicon to the Old Testament. 1966. p. 616.

8. Sien ook W.H. Gispens. Schepping en Paradys. 1966. p. 171.

9. Genesis 2:22.

10. Byvoorbeeld 2 Kronieke 14:11; 2 Kronieke 32:8; Jesaja 41:17.

11. Byvoorbeeld Eksodus 2:17; 1 Kronieke 15:26.

12. Byvoorbeeld 2 Kronieke 20:23; Daniël 10:13; 1 Konings 9:11; 2 Kronieke 19:2.

13. Byvoorbeeld Numeri 11:17.

help dan openbaar Hy daardeur ook sy deugde (almag, barmhartigheid, genade, liefde, goedheid, ensovoorts). God is dus die mens se groot *ēzèr*.

God se hulp aan sy kinders kan by uitnemendheid gesien word in die werk van die Heilige Gees. Hy word ook die Parakleet in die Johannes-Evangelie genoem. Die bedoeling is duidelik dat Parakleet in Johannes ook met helper vertaal kan word<sup>15</sup>. Die Gees help die gelowiges in hulle hele geloofslewe. Hy glo nie namens ons nie en Hy doen nie goeie werke namens ons nie, maar Hy help ons om dit te doen.

'n Noodwendige vraag wat opduik is: Kan daar 'n verband wees tussen God wat ons help en die vrou wat die man se hulp is, aangesien die man ook die vrou of ander mans kan help?

## Die vrou is uniek beeld van God

Net soos wat God, en die mens as sy beeld, duidelik onderskei moet word moet 'n mens God as ons Helper en die vrou as hulp ook duidelik onderskei. Sou dit dan beteken dat God net na die sondeval die mens se helper geword het? Die teendeel blyk waar te wees wanneer God die vrou skep. Die groot Helper help vir Adam deur vir hom 'n hulp te maak wat by hom pas. God maak sy hulp aan die mens sigbaar (Hy openbaar) in die hulp wat Hy geskep het. Voor die sondeval kon die mens ook nie sonder God se hulp bestaan nie.

Die feit dat die vrou na God se beeld geskep is as openbaarmaking van God, gee tog 'n rigtingwyser dat haar hulp-wees op 'n unieke wyse ook die openbaring en

bediening van God se hulp moet wees. Mans kan ook help, maar in hierdie artikel word gefokus op die vrou se hulp-wees wat op 'n unieke wyse aan haar beeld-wees verbind is. Haar hulp-wees is unieke openbaarmaking van God se hulp. Daarom lê die uniekheid van die vrou in haar unieke openbaring van God se hulp en dit maak haar beeld-wees op sy beurt ook uniek.

Bogenoemde kan nog sterker gestel word: die vrou se hulp-wees kan net gehoorsaam word wanneer dit aan haar beeld-wees gekoppel is. Haar hulp-wees moet 'n openbaarmaking van God se hulp en van sy werksaamhede wees. Hieruit word dit duidelik dat die vrou allermins aspireer om soos 'n man te word of om haar vrou-wees af te gee nie. Sy is uniek en enig, al van haar benoeming deur God en die wyse waarop sy geskep is, asook toe Adam haar benoem het. Die wyse waarop God Homself in en deur die vrou openbaar is dus besonder en uniek.

## Die vrou se hulpskap is deel van die volkomenheid

Hierdie uniekheid is nie iets wat Christus kom ophef het nie. Christus het nie gekom om die vrou se hulp-wees en daarmee saam die uniekheid van haar beeld-wees van haar te vervreem nie. Die verlossingswerk van Christus los nie die skepping op nie, maar herstel dit volkome en maak dit nuut. Christus herskep nie iets totaal anders nie. Hy maak reg wat stukkend is en red wat verlore gegaan het.

Ongelukkig meen baie dat die verlossing in Christus beteken dat die vrou verlos word van haar hulp-wees en daarom ook van haar

uniekheid. Asof die herskepping ten doel het om man en vrou uiteindelik eenders te maak en dat verskille op aarde hoogstens geduld word ter wille van voortplanting en sekere funksies in die huwelik.

Soos reeds gesê: Christus herstel God se oorspronklike bedoeling met die mens en bring dit tot volkomenheid op die nuwe aarde. Hieruit blyk dit dat die unieke wyse waarop die vrou beeld van God is nie ewe gemaklik afgegee kan word as 'n tydelike saak of as 'n blote huweliksfunksie nie. In Christus word sy weer herstel om te word wat sy moet wees: 'n hulp wat by die man pas, wat geskape is na God se beeld.

In die innige verbondsgemeenskap met God groei sy weer na God se oorspronklike bedoeling met haar. In Christus kan sy weer haar amp opneem en so leef en werk dat God wat ons help se heerlikheid in haar geopenbaar word orals waar sy leef en werk. Sy is die kragtige pilare wat God in die samelewing, met al sy verbande, gegee het. So besien blyk dit dat vrou-wees en haar hulp-wees meer as 'n tydelike geslagtelikheid is. Dit is iets wat tot die volkomenheid behoort. Volgende keer DV 'n meer praktiese inkleding oor die uniekheid van die vrou se hulpskap.

14. Enkele voorbeelde: Psalm 30:11: Hoor, HERE, en wees my genadig! HERE, wees my 'n helper!; Psalm 27:9: Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp!; Psalm 33:20: Ons siel wag op die HERE; Hy is ons hulp en ons skild; Psalm 94:17: As die HERE vir my nie 'n hulp was nie, dan het my siel gou in die stilte gewoon; Psalm 54:6: Kyk, God is my helper. Dit is die Here wat my siel ondersteun; Jesaja 50:9: Kyk, die Here HERE help My: wie is dit wat My kan veroordeel?; Klaagliedere 3:26: Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die HERE; Hosea 13:9: Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is.

15. Theological Dictionary of the New Testament. Volume 5. p. 804.

Kerkerf

Prof B Spoelstra, Pretoria

# Gesag van die besluit van 'n kerkvergadering<sup>1</sup>

## Die woord 'gesag'

Gesag kom van die woord 'sê' – die reg om te beveel. Daarmee saam

gaan die plig om te gehoorsaam. Die gesag van 'n besluit hang dus af van die reg van 'n kerkvergadering

(of 'n dominee of ouderling) om te sê wat gelowiges moet gehoorsaam (vandag word van

‘kerklidmate’ gepraat namate die kerk as vereniging, die Here in Wie geglo word, vervang). Gelowiges – dissipels of christene (Handelinge 11:26) – in die Bybel en ‘lidmate’ in kerke is nie dieselfde nie. Dit verraai reeds die twee verskillende vertrekpunte waarop die gesag van ‘n kerkvergadering bepaal kan word. In die eerste geval is die mense verbonde aan Christus en deur Hom aan God (verbond). Die reg om te sê en te besluit rus in Christus, in Woord en Gees. In die tweede geval is die mense lede van ‘n vereniging of genootskap wat ‘kerk’ genoem word. In dié geval rus die reg om te sê in die struktuur van ‘n kerkvergadering (vergelyk Sinode 2006, die *Structure* van die kerk). Vir gelowiges soos Luther rus die gesag in die Woord van God (NGB artikel 7, *Sola Scriptura*). Vir die sekulêre kerk rus dit in die *meerderheid* stemme van ‘n kerkvergadering.

## Twee soorte ‘gesag’ in die GKSA

Twee vertrekpunte vir kerklike gesag kom in die GKSA voor – die een vertrekpunt word in teorie gehandhaaf en die ander een in praktyk toegepas. Kerkrade en sinodes het die GKSA sedert 1859 oorwegend gevra na watter lig die Skrif (gesag van Christus) op ‘n vraagstuk laat val. As daarvoor nie uitspraak was nie (soos oor kleredrag, familienskap in die kerkraad, tiendes, en so meer) is daarvoor nie ‘n besluit afgedwing nie. Gevolglik was daar min verandering, stewige kerkrade, plaaslik en kort verantwoorde sinodes wat geadviseer eerder as gedwing het omdat gesag van die Skrif eerbiedig is.

Gaandeweg (veral na 1924) het die patroon verander. Onder invloed van Nederlandse teoloë (onder andere Geesink) word bevele oor Vrymesselaars, kaartspel, en later oor dans, weerdoop, en soortgelyke onderwerpe uitgereik en deur die sinode, onder invloed van HH Kuyper, beklemtoon sodat vandag oorwegend gevra word na wat die *meerderheid* van stemme op sinodes besluit het – selfs al sou besluite met die Skrif bots,

soos byvoorbeeld ten opsigte van nagmaal, liturgie, ensovoorts. Die besluit word as onfeilbaar beskou tensy dit ‘langs die kerklike weg’, dit wil sê weer deur ‘n oppermagtige kerkvergadering verander sou word.

Die heersende opvatting word weerspieël in die volgende aanhaling wat in *Die Kerkblad* verskyn het: “n Sinode wek gewoonlik by ons (*sic!*) lidmate groot belangstelling. En so hoort dit ook. Want dit is ‘n gebeurtenis wat net een keer elke drie jaar plaasvind wanneer afgevaardigdes van al die Gereformeerde kerke regoor die land vergader om oor sake van gemeenskaplike belang te besluit ... Want by elke Sinode kom daar nuwe dinge na vore, nuwe besluite waarmee die kerke ‘n nuwe koers inslaan’. Dit gaan primêr nie om die ou lig (gesag van Christus, vergelyk NGB artikel 2) nie, maar die nadruk val op nuwe dinge wat afgevaardigdes uit kerke oor die hele land – of soos die wêreld en koerante sê: die kerk as geheel – ‘n nuwe koers wil laat inslaan. So bedien die besluite nie meer die gesag van Woord en Gees nie, maar die insig en gesag van die *meerderheid* in die topstruktuur in die ‘hoogste’ vergadering, die sinode.

## Bedienende of heersende gesag

Miskien kan ‘n mens die verskil só verduidelik. ‘n Koning wat in ‘n absolute monargie (soos die koninkryk van God) regeer, kan ‘n apostel of gesant stuur om sy besluit oor byvoorbeeld ‘n handels- of politieke verbond af te kondig. Sy besluit dra gesag omdat hý dit besluit het. Sy gesante (apostels wat hy stuur) moet presies sê wat hy gesê of geskryf het. In wat hulle bedien of oordra, en nie in hulle persoon nie, verteenwoordig hulle die koning asof hy self daar gesag uitoefen. So het die Hervormers *Sola Scriptura* gehandhaaf en gesê: Die Here het dienaars geroep en gestuur om sy Woord en daarmee sy gesag te bedien (apostoliese karakter van die amp).

Rome het egter gesê dat die Here aan Petrus, en so aan sy opvolgers, mag gegee het om namens Hom te

regeer (as ‘t ware ‘n konstitusionele monargie soos in Engeland tussen die koningin en haar ministers). Die pous (of die ‘heilige kerk’) kon dus in die plek van Christus (plaasvervangend) besluite neem en op die leke afdwing asof dit gesag van God dra. Hierdie opvatting is deur die rasionalisme en humanisme in die 18de eeu op regerings- en reformatoriese kerke oorgedra. Daarvolgens het die *meerderheid* van lede van ‘n vereniging of hulle verteenwoordigers in ‘n sentrale vergadering die mag om kerklike ampte en vergaderings en besluite met *meerderheidstem* vas te lê. In Nederland het die eertydse reformatoriese kerke die beginsel in die Kerkreglement van De Mist 1804 en in die Reglement van Koning Willem I in 1816 dankbaar aanvaar omdat dit gereelde sinodes belooft het. Dit was die grondslag vir organisasie van die eerste Kaapse Sinode in 1824 en die stigting van die NHK in 1853. Die beginsel het na 1924 ook al meer die regulerende konsep vir kerkregering in die GKSA geword totdat die Sinode van 1964 dit met wysiging van artikel 31 KO volledig aanvaar het.

Die profete, apostels en opsieners wat die Here verorden en geroep het (Handelinge 20:28) het gesê ‘so sê die Here’ en daarom die gesag bedien wat die gelowiges moes gehoorsaam. Die gesag is primêr deur bepaalde ‘dienaars’, soos vaders in hulle gesin, sonder kerkrade bedien. Eers vir belangrike besluite oor leer en tug het hulle in konsilies van opsieners (ouderlinge) saamgekom en besluite geneem (Handelinge 15, 1 Korintiërs 14, 1 Timoteus 3, ensovoorts). Daar is ‘n wesensverskil tussen ‘n konsilie van biskoppe (opsieners) en ‘n sinode van afgevaardigdes van kerke. Daar is nog verder ‘n wesensverskil tussen ‘n *meerdere* kerkvergadering soos dit in 1619 gereël was, waar afgevaardigdes kragtens hulle geloofsbriewe in besluite gebind was om Skrif, Belydenis en Kerkorde te bedien, en ‘n sinode volgens die 18de-eeuse verenigingsreg waar die *meerderheid* van die lede van ‘n

1. ‘n Wetenskaplike artikel oor ‘Op soek na ‘n duidelike paradigma vir kerklike gesag’ het van die skrywer verskyn in *Hervormde Teologiese Studies* 1992, opgedra aan AD Pont.

vrywillige vereniging volgens hulle interpretasie en goeë dunnke vir die vereniging besluit. Rome aanvaar tot vandag toe die apostolaat van die pous as grond vir sy gesag en noem hom verteenwoordiger (gesant) van Christus, *dienaar* van die gelowiges (*servus servorum*). Hy sê 'so die Here' in die tradisie (Skrif en pouslike besluite). Die gesant verplaas dus sy Sender in nuwere besluite. Nietemin is die pretensie dié van bedienende mag.

Calvyn leer dieselfde apostolaat of diens van gesante (Institusie IV, veral 3.1), maar bind elke dienaar en konsilie van dienaars aan die Skrif (Institusie IV, veral hoofstuk 8-12). Die gesag van besluite moet uit die Skrif (*Sola Scriptura*) opkom. Die Nederlandse kerke in die 16de eeu probeer bedienende gesag met 'n kerkorde (onder andere artikel 31 KO en bevestigingsformuliere) handhaaf sodat Christus self sy kerk regeer. So sal u in die belydenis van die GKSA (NGB artikels 7,27,29 en HK Sondag 21) en in clichés soos 'Christus enigste Hoof van sy Kerk' of dat opsieners en kerkvergaderings die gesag van Christus bedien dieselfde pretensie lees. Die Puriteine (kongregasionaliste) was selfs doodbang vir kerkvergaderings wat 'n nuwe pous naas of in plek van Christus kon vestig (*Savoy Declaration 1658, Plymouth Platform*).

Bedienende gesag wil gesag aan Christus Self in die bediening van die opsienersamp ontleen. Teen die 18de eeu vat 'n ander opvatting pos, naamlik dat gesag aan die kerkvergadering verleen (gedelegeer) is. Ons kan dus sê dat Christus die vertrekpunt vir 'bedienende gesag' en die kerk die vertrekpunt vir heersende of dwingende mag is.

## Opkoms van heersende kerkgesag

Die humanisme het die gesag van die rede of oordeel van die individu beklemtoon. Daarvolgens assosieer (verenig) individue in genootskappe en dra (delegeer) hulle gesag deur middel van afgevaardigdes of verteenwoordigers oor na strukture wat in geval van 'n staat in 'n grondwet of in geval van 'n kerkgenootskap in 'n kerkorde beskryf is. Die meerderheid in die kerkvergadering bedien die kerkgesag soos 'n lokale, provinsiale of sentrale regering dit in 'n demokrasie doen. Die demokrasie sê baie skerp: 'Die stem van die volk is die stem van God'. Die minderheid moet die stem van die meerderheid aanvaar. So dra die besluit 'heersende' of 'dwingende gesag' in die kerkgenootskap.

Die Sinode van die GKSA 1964 het artikel 31 KO, wat die soewereiniteit van die Skrif in kerklike besluite bo die meerderheid gestel het, gewysig sodat die oppergesag van die meerderheid volgens die genootskapsreg uitgangspunt geword het. 'n Beroep op die Skrif, al dan nie, hang van 'n individu af. Voeg daarby dat almal in 'n kerkraad of sinode waarskynlik nie besonder diepgaande Skrif- of Belydeniskennis het nie (kerklike besluite pretendeer om juis dit te waarborg) en dit is duidelik dat die gesag van besluite volledig op die insigte en oortuigings van mense rus. Oor die algemeen hoor 'n mens vandag dat 'n besluit met gesag hanteer word omdat 'Die sinode (of kerkraad) besluit het', sonder dat daardie besluit aandui hoe dit die gesag van Christus bedien of Skrifgronde vir die besluit gevind kan word.

## Samevatting

Die gesag vir 'n besluit van 'n kerklike vergadering kan in praktyk óf aan Christus óf aan die kerk as instituut of kerkordelike instelling ontleen word. In die eerste sewentien eeue het die opsiener (biskop, ouderling), variasies daar gelaat en voorop in die kring van gelowiges gestaan as bedienaar van die gesag van Christus. Vir eeue is groter vraagstukke deur konsilies van biskoppe beslis totdat die pous later konsilies aan sy gesag onderwerp het.

Die Reformasie wou met die beginsel van *Sola Scriptura* die gesag van Christus in besluite herstel. Dit het veral ten opsigte van die dogma (belydenis) ekumenies gebeur. Die skepping van kerkvergaderinge op die vlak van lokale, provinsiale en landswye vergaderings, soos in die staat gangbaar was, het onder invloed van rasionalisme en demokrasie die kerklike denke geleidelik gesekulariseer. Die Kerkorde is nie 'n afspraak vir prosedure in interkerklike samewerking nie, maar het 'n grondwet vir 'n kerkgenootskap geword waarin die meerderheid in kerkvergaderings met gesag oor die gelowiges in die kerkverband heers.

Waar die ou bevestigingsformulier die afsonderlike bediening (van Christus) primêr en die kerkraad sekondêr stel, neem die nuwe formulier die kollegium – die kerkraad – as vertrekpunt waar predikant en ouderlinge saam oor die kerk 'regeer'. Die skema vir besluite van GKSA-sinodes, naamlik 'neem kennis' en 'besluit', terwyl iets soos 'oorweeg van Skrifbeginsels' of prinsipes (gronde) nie deel van die skema vorm nie, onderstreep dat gesag vir besluite nie aan gronde nie maar aan die meerderheid mense in die vergadering ontleen word.

## Koninkryk

Dr JG Meijer (1931-2002)

# Die twee getuies

**Lees: Openbaring 10:11-11:12**

***Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-***

***tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer.***

Die 1 260 dae in die teks (vergelyk Openbaring 12:6) is gelyk aan 42

maande (Openbaring 11:2; 13:5); 42×30 dae = 1 260 dae. Dit is ook gelyk aan die tydskuur wat aangedui word as 'n tyd, tye en 'n halwe tyd (Openbaring 12:14): een jaar, twee



jare en 'n halwe jaar. Dit is in totaal 42 maande of drie en 'n halwe jaar, die helfte van die week van die wêreldgeskiedenis wat uit sewe jaar bestaan.

In die boek Openbaring word die tweede helfte van die wêreldweek bedoel. Die drie en 'n halwe jaar dui simbolies op die eindtyd, van die Pinksterdag af tot die koms van die Heiland met die wolke. Dit is die nuwe bedeling, die laaste bedryf in die drama van die storie, die laaste dae (Handelinge 2:17). Die eindes van die eeue het op ons gekom (1 Korintiërs 10:11).

In hierdie eeue lange tydperk staan nie wêreldmagte, sensasionele gebeurtenisse wat in die dagbladpers aandag kry nie, maar die optrede van die twee getuies sentraal. Jesus Christus, die getroue getuie (Openbaring 1:5; 3:14), roep hulle om te profeteer.

Wie is die getuies? Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelare wat voor die God van die aarde staan (Openbaring 11:4). Hierdie omskrywing verwys na die goue kandelaar en die twee olyfbome wat die profeet Sagaria in een van sy naggesigte gesien het. Dié tweetal was gesalfdes (Sagaria 4:14), besondere ampsdraers in Israel, die kerk onder die ou verbond.

In die nuwe bedeling is die kerk ryker. Alle lidmate van die kerk het die salwing van die Heilige (1 Johannes 2:20). Nie slegs besondere ampsdraers nie, maar almal is geroepe om te getuig, te profeteer (Handelinge 2:17-18; Joël 2:28-29).

Die getuies skei nie die geloof van hul daaglikse handel en wandel nie. Hulle woon Sondae die eredienste getrou by. Waar die Here roep is hulle te vinde. Die prediking stimuleer hulle tot diens van die Here en tot getuies van Maandag tot Saterdag, onophoudelik, elke dag van die 1 260 dae.

Die getal twee in die Openbaringboek is net soos 1 260 'n simboliese getal. In die mond van twee of

drie getuies staan elke woord vas (Matteus 18:16). Die een vul die woorde van die ander aan. Die gesamentlike getuienis is legitiem, wettig, van krag, selfs in hofgedinge (Numeri 35:30; Deuteronomium 17:6; 19:15).

Die twee getuies sluit volgens vers 6 van die tekshoofstuk aan by Moses en Elia. Hulle het mag oor die waters om dit in bloed te verander. Dit herinner aan die eerste plaag in Egipte (Eksodus 7:14-25). Hulle het ook mag om die hemel te sluit sodat daar geen reën val nie. Elia het van hierdie bevoegdheid gebruik gemaak (1 Konings 17:1).

Moses en Elia ... Moses het die kerk uit die wêreld, uit Egipte gelei. Elia het die wêreld uit die kerk verwyder toe hy die profete van Baäl omgebring het (1 Konings 18:40).

Die werk van hierdie twee profete word deur die twee getuies voleindig (Openbaring 11:7). Hul profesie is nie tot een of enkele volke beperk nie, maar 'n getuienis vir al die nasies (Matteus 24:14). Elke nasie sal weet wat God behaag en wat Hom mishag. Elke mens word voor die finale keuse gestel, vir óf teen Christus. Niemand kan in die laaste oordeel aanvaar dat hy nie geweet het nie.

Die sakke of rougewade waarmee die getuies bekleed is, dui aan dat hulle die mense tot berou oproep. Hul profesie gaan wêreldwyd uit (Openbaring 10:11). Die mense op die straat van die groot stad (Openbaring 11:8) kry daar, in die openbare lewe, te hore wat hulle doen.

Die getuies stel die geeste op die proef (1 Johannes 4:1). Elke gees, ideologie, lewenspatroon wat nie uit God is nie, word anti-goddelik gebrandmerk.

Met sakke bekleed profeteer die twee getuies teen alle afval van die Here, teen die ontug en sedeloosheid van Sodom (Genesis 19:4-9, 24-25), teen die magsaanmatiging van Egipte wat die

volk van God ten dode toe vervolg (Eksodus 1:15-16, 22) en teen die afvallige kerk waar onse Here gekruisig is (Openbaring 11:8).

Hierdie ontugtige vrou is die hoer van Openbaring 17:4. Sy het aan Sodom gelyk geword deur die sedeloosheid van Sodom in die kerk toe te laat (Jesaja 1:10) en vervolg – soos die antigoddelike wêreldmag (Egipte) – die kinders van God (Openbaring 17:3-6).

Die profesie van die getuies is 'n protes teen die gees van die eeue. Dié profesie maak die mense bang (Handelinge 24:25). Dit kwel, folter, pynig hulle (Openbaring 11:10) en roep weerstand op.

Teen hierdie weerstand bly die getuies nie in eie krag staan nie. Hulle is nog steeds tot alle boosheid geneig. Die krag wat hulle staande hou en tot getuienis dryf kom van Jesus Christus.

Die teks begin met die woorde: 'Ek sal gee'. Ons Heiland waarborg dat sy getuies bly profeteer. Hy gee vir ons die kragbronne waaruit Moses en Elia geput het. Deur die geloof het Moses volgehou soos een wat die Onsielike sien (Hebreërs 11:27). En wat Elia betref, hy was 'n mens net soos ons; hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie en dit het nie gereën nie. Toe hy om reën bid het die hemel reën gegee (Jakobus 5:17-18). Geloof en gebed. Dit is die krag wat die getuies van Jesus Christus staande hou.

Die Here sê: Waar julle skat is daar sal julle hart ook wees (Lukas 12:34). Wie Hom en sy evangelie van verlossing en vernuwing gelowig as sy skat aanvaar, getuig van Hom en bid elke dag om te mag bly getuig. Dit is die wonderlike krag waardeur die getuies nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie, maar daaglik verander word deur die vernuwing van hul gemoed, sodat hulle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Romeine 12:2).

# Oor kerk-wees en sinodes

In *Die Kerkblad* van Februarie 2007 skryf ds Johan Fleischmann onder die opskrif 'Is dit wat op sinodes se agendas is, dit wat vir ons belangrik is?' die volgende:

*Tydens die Part. Sinode OVS en Natal se sitting in November verlede jaar was 'n aantal predikante so vriendelik om deel te neem aan navorsing oor stresfaktore by en streshantering deur predikante. Een van die vrae wat die predikante voltooi het, lui as volg: "Hiernaas vind u sake waarvoor kommissies aan 'n denkbeeldige Sinode moet terugrapporteer. Daar is nie genoeg tyd om al die sake behoorlik te behandel nie. Die Sinode besluit om die sake in volgorde van belangrikheid te behandel. Daar word gestem oor die volgorde. Dui asseblief aan wat u van 1ste tot 5de behandel wil hê." Die sake wat gelys was, is: 150-jarige feesviering, MIV/vigs, kerkies by nagmaal, vrou in die amp, evangelisasie.*

... Hier is enkele opmerkings oor die inligting:

- Die predikante het die onderskeie temas in die volgende volgorde van belangrikheid geplaas: (1) evangelisasie, (2) MIV/vigs, (3) vrou in die amp, (4) 150-jarige fees, (5) kerkies by nagmaal.
- Dit is opvallend in hoe 'n groot mate die predikante wat aan die ondersoek deelgeneem het, eenstemmig is in wat vir hulle belangrik is.
- Op die agenda van Part. Sinode OVS en Natal was 'n appèl oor die vrou in die amp, en kursoriese inligting oor die 150-jarige fees. Daar was niks op die agenda oor evangelisasie of MIV/vigs nie.
- Dit sal interessant wees om na die ander Part. Sinodes se agendas te kyk om te sien in hoe 'n mate evangelisasie en MIV/vigs daar ter tafel was.
- As mens dink oor die agenda van die Nasionale Sinode 2006, dan lyk dit of dit wat regtig vir hierdie

*predikante belangrik is, ook nie daar die oorwig van aandag en tyd geniet het nie.*

*Die vraag is: Hoekom dien dit wat vir die oorgrote meerderheid predikante in hierdie Part. Sinode die belangrikste is, nie ook as die belangrikste sake op die sinode se agenda (nie)?*

Die sake op ds Fleischmann se fiktiewe agenda, asook die vraag waarmee hy sy skrywe afsluit gee iets te kenne van sy siening van kerk-wees en die taak van kerke wat in meerdere vergaderings byeenkom. Die vyf temas wat hy as sake op die agenda van die denkbeeldige sinode kies, sou anders gekies kon wees. Iets soos: ons Skrifverantwoorde getuieis oor deelname aan georganiseerde fietsry op Sondae, kerke se binding aan die inhoud van die openlike verklaring, die kerke se gesamentlike taak ten opsigte van sending. Net so kan die vraag aan die einde van sy skrywe anders gestel word: Hoekom meen die predikante in die ressort van Part. Sinode OVS en Natal dat die volgorde van die sake so moet wees soos wat hulle dit gekies het? Volgens watter kriteria het hulle hierop besluit?

Weereens: die sake op ds Fleischmann se fiktiewe agenda, asook die vraag waarmee hy sy skrywe afsluit gee iets te kenne van sy siening van kerk-wees en die taak van kerke wat in meerdere vergaderings byeenkom. Dit ly geen twyfel nie dat gelowiges in hulle amp van gelowige by maatskaplike, sosiale en etiese kwessies betrokke moet raak nie. Die ontsaglike probleem van MIV/vigs kan en mag nie ongesiens by die gelowiges verbygaan nie. Die vraag is egter of die kerk as kerk daarby betrokke moet raak. En indien wel, hoe? Die regering wil graag sien dat kerke direkte insette op die gebied van armoede-verligting en hulp aan noodlydendes (onder andere vigs-lyers) moet lewer. Maar is dit die roeping waarmee die Here roep?

Verkondiging van die evangelie is die kerk se roeping en taak. Uiteraard moet die verkondigde evangelie 'hande en voete' kry. Dit is die taak van die lidmate in hulle daaglikse handel en wandel. Goed toegeruste lidmate kan saamstaan en saamgroepeer om siekes te versorg, ouetehuse op te rig, hulle oor vigs-wesies te ontferm, skole te bedryf, en wat nie nog alles nie. Die skool is egter nie 'n kerk-skool nie en die MIV/vigs-projek is nie 'n kerk-projek nie. Die kerk is nie daartoe geroep en daarvoor verantwoordelik nie. Uiteraard sien die Roomse Kerk dit anders.

Wat die agenda van meerdere vergaderinge betref moet daarop gelet word dat kerke in klassies en sinodes byeenkom om sake te behandel en af te handel wat hulle nie plaaslik kan hanteer nie, of sake van gemeenskaplike belang wat daar tuis hoort (artikel 30 Kerkorde). In die lig hiervan moet die vyf agendapunte van ds Fleischmann beoordeel word. Hoort dié sake hoegenaamd op die agenda van 'n sinode? Vraagstukke oor leer, diens en tug wat kerke gemeenskaplik raak hoort beslis daar. Die GKSA se 150-jarige feesviering? Nee. MIV/vigs? Nee. So-ook 'n groot getal ander sake wat tans op die agenda voorkom, soos Diakonale Sake (daar is nie eers diakens teenwoordig om iets daarvoor te sê nie), Jeugsorg en Finansies. Die agendas van meerdere vergaderinge kan waarskynlik heelwat anders lyk as daar ooreenkomstig artikel 30 KO geoordeel word wat daar tuis hoort en wat nie. Nie anders soos ds Fleischmann dit voorstel nie, wel anders ooreenkomstig die orde waarop die Gereformeerde kerke sedert 1618/19 besluit het.

# Verdraagsame ongehoorsaamheid

In Vox Viva van Julie 2007 spreek dr Chris Saayman hom uit oor 'n DVD wat onlangs aan talle NG predikante gepos is:

*Dit is 'n dokumentêre video met die titel "nuwe strominge in die teologie: word die hart van die evangelie uitgeruk?" Die DVD bevat beeldmateriaal van die uitsprake wat sekere teoloë gemaak het oor sekere kernsake soos byvoorbeeld die maagdelike geboorte van Christus, die Godheid van Christus, die betekenis van Sy kruisdood en – veral – Sy opstanding uit die dood. Behalwe vir Aartsbiskop Desmond Tutu en 'n paar buitelandse geleerdes, is die meeste van die ander persone, predikante van die NG Kerk asook die Nederduitsch Hervormde Kerk. Die trefkrag van die DVD is dáárin geleë dat dit suiwer dokumentêr is. Vanaf die kant van die produksiespan word letterlik géén eie kommentaar gelewer of standpunte gestel nie. Die materiaal bestaan slegs uit video-opnames van dít wat elkeen van die teoloë by verskillende geleenthede te sê gehad het. Die stem van die aanbieder gee slegs die basiese inligting oor elke onderskeie teoloog. Die kyker kan dus self hoor wat elkeen se standpunt is en self 'n oordeel vel.*

*Die inhoud van hierdie dokumentêr is – om dit sag te stel – skrikwekkend omdat dit openlik lasterlik is. Hier het ons nie meer net te make met sekere afwykings van die gereformeerde belydenis nie, maar met blatante kettery. Prontuit word ontken dat die Bybel God se Woord is. Daar word gesê dat Jesus se versoeningsdood aanstootlik is, dat Sy maagdelike geboorte fiksie is, dat Sy opstanding "metafories" is ensovoorts. Die gnostiese kettery van die eerste eeue word openlik as die outentieke christelike geloof aangeprys – in direkte stryd met Johannes se eerste sendbrief wat die gnostisisme as die "gees van die antichris" beskryf. Wat oorbly is niks anders nie as 'n stuk heidendom waarin daar geen spoor van die*

*Christelike Geloof meer te vinde is nie. Ja, sekere bybelse terme word gebruik, maar met 'n onbybelse inhoud gevel.*

*Genoemde persone mag sekerlik hul eie sienings daarop nahou – dit is hul reg en hul sal daarvoor voor God verantwoording doen. Die groot krisis lê by die kerk wat hulle rustig akkommodeer asof die legitimasië verklaring en belydenisskrifte enigsins onduidelik is! So asof dit maar net nóg "verskille" is waaroor "gesprek" gevoer moet word. Vier van hierdie persone (NG Kerk leraars) was voorheen van dwaalleer aangekla en is deur hul onderskeie ringe vrygespreek op alle aanklagte. Dit is duidelik dat die NG Kerk verdraagsaamheid tot die uiterste grense wil rek. Indien die onderskeie ringe genoemde DVD destyds onder oë kon hê, sou die uitsprake dalk ánders wees.*

*Volgens die Skrif is genoemde lasterlike uitsprake en standpunte geensins die voorwerpe vir kerklike "gespreksvoering" nie, maar maak 'n kerk wat sulke vals profete laat begaan, haar ondubbelsinnig skuldig aan blatante ongehoorsaamheid en kwalifiseer só 'n kerk – volgens NGB Artt 27-29 – vir 'n vals (onwettige) kerk. Die NGB is daarvoor glashelder duidelik. Die helderste van alles is egter die uitsprake van die Woord van God. Elia moes uiterste stappe neem teen die Baälpriesters (1 Kon 19). Tydens elke egte kerklike reformasie in die OT, het die reformatoriese aksie gepaard gegaan met die ontslag van die vals profete (sien 2 Kron 14:5 (Asa), 23:16-17 (Jojada), 29:5 (Hiskia) en 34:3 e.v. (Josia). Jesus vermaan die gemeente Tiatira omdat die gemeente 'n vals profetes op hul kansel toegelaat (verdra) het om "te leer" (Open 2:20). Paulus se woorde is duidelik: Dit is die gemeente se taak om draer en beskermer van die Waarheid te wees (1 Tim 3:15). En Judas plaas die klem daarop dat die gemeente die "oorgelewerde leer" moet bewaar (Judas vers 3). En let op vers 4: vals profete het ongemerk die gelede*

*van die gemeente binnegesluip (sien ook Filip 1:27). Die tipe verdraagsaamheid wat valse leer in die midde van die kerk duld, is nie egte liefde nie, want liefde loop altyd hand aan hand met die Waarheid (vgl 2 Joh 1:1,6 en 3 Joh 1:3,4). Die Apostel van die liefde is daarvoor duidelik: 'n Vals profeet mag nie eens gegroet word nie (2 Joh 1:10). Die Skrif is absoluut onverdraagsaam!*

*Ja, ons lewe in 'n "post-moderne tyd" waar hierdie tipe onverskrokke gehoorsaamheid aan die Woord 'n onding is. Dis iets boos. Die Waarheid is mos "relatief" en niemand kan met sekerheid wéét wat presies die leer van die Skrif is nie. Iewers in die toekoms sal die pendulum egter terugswaai. Post-modernisme sal waarskynlik 'n kort rakkleefyd hê. Dán sal mense hopelik weer vra na die sekerheid van die ewige evangelie. Maar dán moet daar 'n kerk wees, gereinig deur die waterbad van die Woord, wat Christus as Herder onverbiddelek navolg.*

*Dr Saayman raak 'n saak aan wat letterlik van lewensbelang is. Van alle kante word gelowiges met 'nuwe insigte' oor die Skrif gekonfronteer en gebombardeer. Die Afrikaanse uitgawe van die Ou- sowel as Nuwe-Testamentiese apokriewe boeke, tesame met sogenaamd opspraakwekkende getuienisse wat in pseudepigrawe (valse geskifte) soos die Evangelie van Judas gegee word, spoel soos 'n vloedgolf oor ons heen. Die Woord van God wat vas en waar is, kom (vir die soveelste keer) in die spervuur.*

*Tereg wys dr Saayman daarop dat hierdie dinge nie nuut is nie. Deur alle eeue was daar 'n intense stryd rondom die Skrif. Die Sola Scriptura van die reformasie is nie maar net 'n mooi spreuk nie, maar 'n kragtige belydenis van die waarheid teenoor die dwaling. By daardie belydenis sal gelowiges vandag bankvas moet staan. Anders val 'n mens, ongetwyfeld. Soos wat die gesag en genoegsaamheid van die Skrif aangetas word, sal die etiese en*

morele vraagstukke al moeiliker beantwoord word. Die feit dat daar deesdae so vaag en dubbelsinnig oor verskeie belangrike aspekte soos homoseksualisme, die taak en roeping van die vrou in die kerk (en samelewing), die gebruik van nagmaal en die bediening van die doop gedink en gepraat word, is wrang vrugte van verdraagsame ongehoorsaamheid.

Oor een saak moet daar geen twyfel bestaan nie. Die verdraagsaamheid van die ongehoorsaamheid het besliste grense. Dit is opvallend hoe onverdraagsaam die ongehoorsaamheid teenoor gehoorsaamheid aan die Skrif is. Die oomblik as ongehoorsaamheid as ongehoorsaamheid uitgewys en ooreenkomstig die eis van die Skrif weerlê en bestraf word, is alle verdraagsaamheid daarmee heen. Brandstapels sal daar altyd wees (Openbaring 11).

#### **VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Redaksie: Waarheid en Dwaling*

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: gerardjmeijer@gmail.com

jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

*Administrasie-adres:*

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: [jdirkdas@absamail.co.za](mailto:jdirkdas@absamail.co.za)

*Intekengeld:*

R140 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

*Tegniese versorging:*

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031

## **VGL BYEENKOMS**

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand 14 September en Saterdagoggend 15 September 'n byeenkoms te hou waartydens op aktuele hermeneutiese vraagstukke, soos wat ons in die kerklike lewe daarmee te doen kry, gefokus word. Die gesprekstema sluit aan by die bespreking tydens die Maart-byeenkoms, wat oor heilshistoriese omgang met die Skrif in die klaskamer en op die kansel gehandel het.

### **PROGRAM**

#### **Vrydag 14 September 2007**

**19:00-21:30**

- Hermeneutiek en die vraagstuk insake die vrou en die besondere ampte

Spreker: ds RA Bain

(GK Potgietersrus-Wes)

#### **Saterdag 15 September 2007**

**08:30-12:30**

- Hermeneutiek en die vraagstuk insake homoseksualisme

Spreker: prof GJC Jordaan

(Teologiese Skool Potchefstroom)

- Verbond en die verstaan van die Skrif – wat leer 1 Korintiërs 2:6-16 ons daarvoor?

Spreker: teologiese student C Rossouw

(Teologiese Skool Potchefstroom)

### **Plek**

Gereformeerde Kerk Pretoria Die Kandelaar,  
h/v Codonia & Dickensonlaan, Waverley

### **Registrasie**

Om onkoste te delg word 'n registrasiefooi van R30,00 per persoon by die ingang gehê. U word vriendelik versoek om ten minste drie dae voor die byeenkoms te bespreek sodat die nodige reëlings vir die voorsiening van verversings getref kan word.

### **Kontakpersoon**

Mev Joke de Wind – tel. 012 332 4676

e-pos: [jokedewind@gmail.com](mailto:jokedewind@gmail.com)